Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Bestuur en Ondersteuning om die Akademiese Sukses van Topatlete te verseker



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Implementeringsdatum: 1/1/2017

# Bestuur en Ondersteuning om die Akademiese Sukses van Topatlete te verseker

| | |
|---|---|
| **Dokument Tipe:** | Regulasie |
| **Goedkeuring:** | Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 11/25/2016 |
| **Implementeringsdatum:** | 1/1/2017 |
| **Hersieningsdatum / Hersieningsfrekwensie:** | Elke vyf jaar |
| **Vorige weergawes:** | None |
| **Eienaar[1]:** | Viserektor: Leer en Onderrig |
| **Kurator[2]:** | Hoof Direkteur: Sport |
| **Sleutelwoorde:** | Top Student-Athletes, Academic Success, Academic Support |
| **Geldigheid:** | In geval van verskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie reglement as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling. |

[1] Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum(s) waarin die reglement funksioneer.
[2] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die inbedryfstelling en handhawing van die beleid.

## 1. INLEIDING

Hierdie reglement wil die eise wat aan die moderne studentatleet gestel word, versoen met Visie 2030, met inklusiwiteit, innovasie, toekomsgerigtheid en transformasie as hoofkenmerke. Die hoof– strategiese prioriteite en temas van die Universiteit Stellenbosch (US) is die verbreding van toegang, behoud van momentum van uitnemendheid en bevordering van ’n positiewe impak op die samelewing. Die doelstellings is steeds die uitbreiding van ons kundigheidsbasis, bevordering van studentesukses, verhoging van diversiteit en die verbetering van sistemiese volhoubaarheid.

Die US lewer al vir baie jare studentatlete wat op die hoogste vlak presteer. Die vlakke van prestasie en die vereistes van voorbereiding wat verwag word van die moderne studentatleet, wat op die hoogste vlak met die beste in die land en selfs in die wêreld moet meeding, het beduidend toegeneem in intensiteit. Studente wat ook uitnemende sportlui is, moet voldoen aan die akademiese eise van die betrokke graadprogramme waarvoor hulle ingeskryf is (klasse, prakties, toetse, eksamens, deurlopende voorbereiding) en die eise om as sportlui te bly presteer (oefening, geestelike voorbereiding en deelname). Dit is toenemend uitdagend om aan die eise van ’n akademiese én ’n sportloopbaan te voldoen, soos vereis deur strukture wat slegs rekening hou met persone wat op een gebied begaafd is.

Dit is nodig dat ’n reglemente daargestel word wat aan studentatlete die geleentheid bied om op veelvuldige gebiede suksesvol te wees en so by te dra tot die sukses van die Universiteit se institusionele prioriteite. Die daarstelling van soortgelyke reglemente en riglyne is algemene praktyk aan ander vooraanstaande universiteite, nasionaal en ook internasionaal.

Erkenning word gegee aan die bestaande praktyk dat versoeke tot afwesigheid, uitstel van toetse, laat indiening van werksopdragte en dies meer, oor die algemeen alreeds met begrip hanteer word.

Hierdie reglement ondersteun die lewering van graduandi wat oor die graduandi-eienskappe beskik wat die US nastreef. Dit sluit in die vorming van ontwikkelde en gekultiveerde mense wie se potensiaal op gebalanseerde wyse so ver moontlik ontsluit word. Dit erken ook die topsportlui as ’n kategorie studente wat oor hierdie eienskappe beskik. Verder erken die reglement dat die blootstelling en mediadekking wat die US te danke aan sportprestasies geniet, bydra tot die instelling se aansien in Suid-Afrika en ’n invloed op die werwing van nuwe studente het.

## 2. TOEPASSING VAN DIE REGLEMENT

Belangrike vertrekpunte is:

2.1 Dat die akademiese verantwoordelikheid van die topstudentatleet te alle tye as ’n gegewe binne hierdie reglement beskou word. Dit word aanvaar dat die topstudentatleet die toepaslike reëlings sal tref om sy/haar akademiese vordering te verseker;

2.2 Dat daar verskeie gemeenskaplike behoeftes onder die verskillende sportkodes bestaan wat binne ’n gedeelde raamwerk ondervang kan word; maar

2.3 Dat sekere sportsoorte spesifieke behoeftes mag hê wat op individuele basis aangespreek sal moet word.

## 3. DEFINISIES

3.1 Topstudentatleet: enige *bona fide*-student wat aan die US-vereistes van Kategorie A[1]-verlof voldoen;

3.2 PACER-program: ʼn bestaande program wat aan die topstudentatleet die nodige bemagtiging deur selfontwikkeling bied wat hul sukses met betrekking tot hul akademie, sport en persoonlike lewe sal help verseker.

## 4. DOEL VAN DIE REGLEMENT

Om reglementsriglyne vir die bestuur en ondersteuning van die akademiese behoeftes van topstudentatlete aan die US daar te stel.

## 5. MIKPUNTE VAN DIE REGLEMENT

Die Universiteit ondersteun studente en moedig hulle aan om op akademiese sowel as nie-akademiese gebiede te presteer tot voordeel van die individu en die instelling. Die US beskou die holistiese welwees van studentatlete as van kardinale belang en aanvaar dat alle posisies en/of werknemers genoem in die beleid studentatlete op korrekte en professionele wyse sal bystaan. Die doelwitte van die beleid is as volg:

a. Om op ʼn geïntegreerde, sistemies-holistiese manier by te dra tot die ontwikkeling van mededingende en hoëprestasie-studentatlete met die doel om hul prestasie en bydraes op vier belangrike gebiede te optimaliseer: akademie, sport, persoonlike lewe en gemeenskapsinteraksie.

b. Om nasionaal en internasionaal vir uitnemendheid en innovasie erkenning te geniet deur aan studentatlete ʼn omgewing te bied waarin uitsonderlike akademiese, sport- en breër gemeenskapgebaseerde prestasies, sukses en bydraes bereik kan word.

## 6. REGLEMENTBEGINSELS

ʼn Buigsame benadering, gegrond op wedersydse samewerking tussen die topstudentatleet en alle ander rolspelers, word ten opsigte van die akademiese behoeftes van topstudentatlete toegepas. Dit beteken dat realistiese en prakties haalbare reëlings in alle gevalle getref sal word; ook wat betref die akkreditering van Maties Sport-personeel as eksamenbeamptes (opsieners) vir die aflê van eksamens en toetse tydens sportgeleenthede (toere en toernooie) (kyk 6.1.4). Finale goedkeuring berus by die Dekaan of sy/haar aangewese personeellid.

Dit is verder belangrik dat Maties Sport nié akademiese raad sal aanbied nie en dat dit deur die toepaslike eenhede, bv. fakulteite, departement, studentesteundienste, ens. voorsien sal word.

6.1 Waar moontlik word daar van meet af met voornemende studente wat binne hierdie kategorie val, reëlings getref. Hierdie reëlings sluit die volgende in:

---

[1] Verwys na: Riglyne vir die oorweging van aansoeke deur studente om verlof tot afwesigheid (VTA)

6.1.1 Registrasie van die topstudentatleet in ’n gestruktureerde verlenging van sy/haar graadprogram. In so ’n geval is die verlenging normaalweg tot een addisionele jaar by die normale duur van die graadprogram beperk;

6.1.2 Onderbreking van studies waar die student, hetsy vir ’n semester of vir ’n volle jaar, nie aan sy/haar gekose graadprogram kan deelneem nie;

6.1.3 Hierdie spesiale vergunnings word met die toestemming van die toepaslike universiteitsomgewing(s), soos Fakulteitbeamptes in die Registrateur se kantoor, gereël;

6.1.4 Die topstudentatleet gaan, met die ondersteuning van ’n Maties Sport-bestuurder, vroegtydig[2] ’n formele ooreenkoms met die fakulteit(e)/departement aan om ’n meer buigsame benadering ten opsigte van die skryf van toetse en eksamens en die reël van alternatiewe assessering, waar nodig en moontlik, daar te stel;

6.1.5 In gevalle waar die topstudentatleet nie sy/haar verpligtinge nakom nie, het die fakulteit die reg om die ooreenkoms nietig te verklaar;

6.1.6 Topstudentatlete en Maties Sport-bestuurders stel dosente/departemente vroegtydig[3] van enige moontlike botsings tussen toetse en sportverpligtinge in kennis;

6.1.7 Dosente/departemente poog om die betrokke topstudentatleet so ver moontlik tegemoet te kom met onvoorsiene en dikwels ontydige veranderinge van skedules van die betrokke sportkode, bv. bywoning van nasionale oefenkampe en herskedulering van kompetisies;

6.1.8 Rolspelers beywer hul vir die aanstel van ’n personeellid by Maties Sport (gewoonlik een van die sportbestuurders) om die akademiese ondersteuning van topstudentatlete te koördineer met inbegrip van die rol van akademiese afrigters, skakeling met fakulteite oor spesiale reëlings in verband met die akademiese vordering van die topstudentatlete, verlof tot afwesigheid (VTA), toetse, eksamens en die strukturering van graadprogramme binne die betrokke fakulteit se riglyne.

## 7. REGLEMENTBEPALINGS

Die reglement moet in die konteks van onder meer die volgende dokumente en reglemente gelees word:

7.1 Institusionele Voorneme en Strategie (2013-2018);
7.2 Strategie vir Leer en Onderrig (2013-2018);
7.3 Assesseringsreglement en praktyke aan die Universiteit Stellenbosch (2012);
7.4 Reglement vir interne en eksterne moderering;
7.5 Heersende eksamenreglement (met uitbreiding van die reglement ten opsigte van die aflê van eksamens deur topstudentatlete) (Sien 6.1.6 hierbo);

[2] Normaalweg nie later as gedurende die eerste week van die aanbieding van die module nie.
[3] Normaalweg nie later as gedurende die eerste week van die aanbieding van die module nie.

7.6 Riglyne vir die oorweging van aansoeke deur studente om verlof tot afwesigheid soos vervat in Deel 1 van die Jaarboek;

7.7 Riglyne vir dosente by die oorweging van aansoeke deur studentatlete (met ondersteuning van ’n sportbestuurder) om verlof tot afwesigheid in gevalle waar die Registrateur die aansoek as Kategorie B geklassifiseer het (bylaag A);

7.8 Reglement oor studente met spesiale leerbehoeftes (gestremdhede) (2011).

7.9 Strategie vir die Werwing en Behoud van studenteatlete (2015)

## 8. KONFLIKBESLEGTING

Alle konflikte word verwys na die Hoofdirekteur: Maties Sport in konsultasie met die dekaan of sy/haar aangewese gemagtigde.

## 9. REGLEMENTSBEHEER

### a. Eienaar

Die Viserektor (Leer en Onderrig) is eienaar van die reglement. Die Viserektor delegeer die oorhoofse verantwoordelikheid vir die uitvoering van die reglement aan die Hoofdirekteur: Maties Sport.

### b. Datum van inwerkingtreding

Die voorafgaande weergawes van die reglement is vanaf Augustus 2009 geïmplementeer, met veranderings wat in 2013 toegepas is. Verdere wysigings aan die reglement is weens die nuwe US-formaat beleide, asook nuwe kompetisies soos Varsity Sports.

### c. Hersiening

Die reglement word elke vyf jaar hersien, of vroeër indien nodig.

### d. Optrede in geval van nie-nakoming

Elke geval van nie-nakoming word na die Hoofdirekteur: Maties Sport verwys. Die Hoofdirekteur sal met die fakulteite kommunikeer indien nodig om die toekenning van verlof tot afwesigheid nietig te verklaar en die studenterekords dienooreenkomstig aan te pas.

### 9.1. Rolle

Die bestuur van die reglement word soos volg deur die volgende persone hanteer:

| | |
|---|---|
| Hoofdirekteur: Maties Sport | Finale verantwoordelikheid ten opsigte van monitering, evaluering en rapportering aan die Viserektor: Leer en Onderrig. |
| Sportbestuurder | Hanteer die topstudentatlete se versoeke en dien die nodige aansoeke met die aangewese individu by Studente-administrasie in soos uiteengesit in Bylaag A, en sluit die Hoofdirekteur: Maties Sport in by alle kommunikasie. |

| | |
|---|---|
| Topstudentatleet | Volg die nodige prosedures/voorskrifte soos uiteengesit in Bylaag A en kommunikeer met die sportbestuurders om te verseker dat die proses suksesvol afgehandel word. |
| Fakulteitsbeamptes in Registrateur se kantoor | Verwys enige spesiale of noodgevalle na die Registrateur/Dekaan. |
| Studente-administrasiebeampte | Nadat aansoeke ingedien is, sal die studente-adminstrasiebeampte die nodige goedkeuring of weiering na die sportbestuurder verwys vir hantering en kommunikasie met die topstudentatleet. |

## 9.2. Implementering

### 9.2.1 Die Registrateur se kantoor

a. Elke aansoek vir verlof tot afwesigheid as gevolg van sportaktiwiteite moet vergesel word van ’n motivering en die verlof waarvoor aansoek gedoen word, moet duidelik geïdentifiseer word. Die betrokke sportbestuurders moet die aansoeke direk aan die aangewese Studente-administrasiebeampte stuur.

b. As die aansoek voor ’n spesifieke tyd verwerk moet word, moet dit die Registrateur so vroeg moontlik, maar minstens een week voor die tydperk van afwesigheid begin, bereik.

c. Die naam(e) van die betrokke student(e), hul vakke, en alle akademiese verpligtinge en afsprake gedurende die beoogde afwesigheid moet die aansoek vergesel.

d. As daar enige twyfel bestaan, raadpleeg die Registrateur die Dekaan en/of Viserektor (Leer en Onderrig), en dringende of problematiese gevalle word deur die Registrateur in oorleg met die Dekaan beslis.

### 9.2.2. Die Fakulteit

Die Dekaan of sy/haar aangewese gemagtigde verseker dat die reëlings, soos uiteengesit in 6.1.4 tot 6.1.7, tussen die betrokke lektore en topstudentatlete, soos in 9.1 geïdentifiseer, getref word.

### 9.2.3 Maties Sport

Die Hoofdirekteur: Maties Sport:

a. Administreer spesiale versoeke van topstudentatlete met medeverantwoordelikheid en die ondersteuning van sportbestuurders;

b. Bepaal of die betrokke student aan die riglyne van die reglement voldoen om vir spesiale behandeling in aanmerking te kom;

c. Stel die betrokke dekaan/fakulteitsekretaris in kennis van ’n student se status as topstudentatleet en sy/haar behoeftes;

d. Die skriftelike ooreenkoms met die studenteatleet, wat die reëlings met ingevolge 9.2.3 getref is, beliggaam, word deur die Hoofdirekteur: Maties Sport of aangewese sportbestuurder bewaar.

### 9.3. Monitering

Sportbestuurders hanteer die monitering van die topstudentatlete. Indien nodig, sal hulle gesprekke met die topstudentatleet voer, en ook met die betrokke fakulteitsbeampte waar nodig, om te verseker dat ʼn balans behou word en dat die akademiese program nie afgeskeep word nie.

### 9.4. Verslagdoening

Die Maties Sport PACER-program speel ʼn belangrike rol in die doelwit om aan topstudentatlete die nodige bemagtiging deur selfontwikkeling te bied, wat hul sukses met betrekking tot hul akademie, sport en persoonlike lewe sal help verseker. Ingesluit hierby is die rol van die sportbestuurders om individuele gevalle na die PACER-program te verwys en ook met die dekaan, dosente en fakulteitsbeampte te kommunikeer indien nodig. Semesterverslae sal aan die Viserektor (Leer en Onderrig) en dekane gestuur word, met betrekking tot al die hoëprestasie studenteatlete soos goedgekeur deur Maties Sport op ʼn jaarlikse basis.

### 9.5. Openbaarmaking

Die openbaarmaking vind plaas deur die reglement soos volg te hanteer:

a. Kommunikasie aan die betrokke topstudentatleet ten opsigte van die uitslag van die aansoek;
b. ʼn Gedrukte kopie, soos goed/afgekeur in die sportbestuurder se kantoor beskikbaar te hê;
c. Sportbestuurders bespreek die reglement aan die begin van die jaar/seisoen asook by klubvergaderings met topstudentatlete; en
d. Sportbestuurders bespreek die reglement met hoofafrigters om enige wanbalans of misverstande oor akademiese vereistes te voorkom.

### 9.6. Hersiening

Die hersiening van die reglement vind elke vyf (5) jaar plaas, maar indien nodig en as gevolg van veranderings binne die US-konteks, kan dit vroeër hersien word.

### 9.7. Optrede in geval van nie-nakoming

Gegewe die direkte impak op die topstudentatleet, berus die verantwoordelikheid by die topstudentatleet om die nodige prosedure en voorskrifte te volg. Indien dit nie gevolg word nie, bepaal die fakulteit die negatiewe impak daarvan op die akademiese program. Besluite oor verdere optrede berus dan nie by Maties Sport nie, maar wel by die betrokke fakulteit.

BYLAAG A

Bylaag A is 'n afskrif vir gerief van die leser egter die amptelike verwysing is in die jaarboek.

## A. DIE VOLGENDE RIGLYNE MOET DEUR DOSENTE IN AG GENEEM WORD WANNEER HULLE MOET BESLUIT HOE OM AANSOEKE VAN STUDENTATLETE WAT DIE REGISTRATEUR AS KATEGORIE A GEKLASSIFISEER HET, TE BEOORDEEL:

Wanneer verlof in hierdie kategorie deur die Universiteit aan ’n student toegestaan word, is dosente verplig om so ’n student tegemoet te kom indien hy/sy a.g.v. sodanige afwesigheid voorlesings, praktika, seminaarwerk en/of toetse misloop.

Belangrik:
**Studente sal geen VTA vir watter rede ook al ontvang om die tweede eksamengeleenthede mis te loop nie. Hierdie bepaling is in ooreenstemming met die US se amptelike beleid rakende eksamens soos vervat in die Jaarboek, Deel 1.**

Gronde vir oorweging

1. Bewese siektetoestand van ’n student
2. Dood in ’n student se nabye familie, naamlik ouers, broers, susters, oumas en oupas
3. Verpligte bywoning, byvoorbeeld as getuie in hof
4. **Afwesigheid as gevolg van sportaktiwiteite onder die volgende omstandighede:**
    - 4.1 proewe/nasionale kampioenskap vir die saamstel van ’n nasionale (verteenwoordigende) span;
    - 4.2 deelname as lid van ’n nasionale span teen ’n ander land plaaslik;
    - 4.3 deelname as lid van ’n nasionale span in die buiteland (toer);
    - 4.4 voorbereiding vir deelname op internasionale vlak soos met ’n rugbytoets waar die span reeds op ’n Woensdag voor die Saterdag byeenkom; en
    - 4.5 verteenwoordiging en voorbereiding vir deelname namens ’n ander land (bv. Namibië).

In gevalle A4.1 tot A4.5 moet dit na die oordeel van die fakulteit (ná raadpleging met die betrokke departementshoof) vir die student akademies haalbaar wees om die verlore werk in te haal. (By die oorweging van verlof vir langer tydperke moet die akademiese regverdiging van so ’n toegewing ondersoek word. Probleme word gewoonlik met praktiese sessies ondervind omdat praktika moeilik herhaalbaar is. Onderbreking van studie behoort veral vir afwesigheid as gevolg van langer toere oorweeg te word.)

B. DIE VOLGENDE RIGLYNE MOET DEUR DOSENTE IN AG GENEEM WORD WANNEER HULLE MOET BESLUIT HOE OM AANSOEKE VAN STUDENTATLETE WAT DIE REGISTRATEUR AS KATEGORIE B GEKLASSIFISEER HET, TE BEOORDEEL:

Verlof in hierdie kategorie word aan 'n student toegestaan op voorwaarde dat hy/sy daarin slaag om vooraf bevredigende reëlings met die betrokke dosente te tref in verband met die werk (insluitend voorlesings, praktika, seminaarwerk en toetse) wat hy/sy moontlik gedurende die betrokke tydperk sal mis.

Indien dosente verdere inligting benodig ten einde 'n sinvolle besluit te neem, moet hulle die Hoofdirekteur: Sport of sy/haar aangewese assistent skakel.

Gronde vir oorweging vir afwesigheid as gevolg van:

1. Individuele deelname aan oorsese uitnodigingsbyeenkomste;
2. Deelname aan verteenwoordigende sport op provinsiale vlak;
3. Deelname aan verteenwoordigende sport op eersteliga- of vergelykbare vlak, maar slegs in hoogs uitsonderlike gevalle, byvoorbeeld wanneer ligabepalings as gevolg van besluite deur provinsiale en nasionale sportbeheerliggame verander word; en
4. Verteenwoordiging van die US op nasionale en internasionale vlak.

C. RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN VERLOF TOT AFWESIGHEID

1. Enige voorgenome afwesigheid van die aansoeker mag nie, in die lig van sy/haar akademiese rekord, die redelike kans om die betrokke akademiese verpligtinge bevredigend te kan nakom, in die gedrang bring nie.
2. Aansoeke om verlof tot afwesigheid deur 'n student moet nie herhaaldelik voorkom nie, maar beperk wees tot 'n redelike minimum aantal kere per semester.
3. Indien die aansoek toegestaan word, moet dit die betrokke studente nadruklik op die hart gelê word dat, in die lig van die toegelate afwesigheid, die verantwoordelikheid vir bevredigende akademiese vordering by hom/haar berus.

D. VERKLARING VAN DIE VERSKIL TUSSEN US-VERTEENWOORDIGING EN NASIONALE VERTEENWOORDIGING:

1. **US-verteenwoordiging** vind plaas wanneer die betrokke student in een van die Universiteit se amptelike sportspanne opgeneem is. Dit sluit byvoorbeeld die volgende in:
   - 1.1 Plaaslike ligas soos Westelike Provinsie of Boland;
   - 1.2 Interuniversitêre kompetisies wat aangebied word deur bv. Universiteitesport Suid-Afrika (USSA), Varsity Cup en Varsity Sports;
   - 1.3 Nasionale kompetisie soos Nasionale Klubkampioenskappe;

1.4 Internasionale en kontinentale kompetisies soos aangebied deur die Federasie vir Afrika Universiteitesport (FASU), Federasie vir Internasionale Studentsport (FISU), Wêreldspele, ens.

2. **Nasionale verteenwoordiging** vind plaas wanneer die betrokke sportpersoon Suid-Afrika in enige amptelike hoedanigheid in een of ander sportsoort verteenwoordig.